



Restaurant Mosaic

Top restaurant weer 'n wenner

Petro van der Westhuijzen

'n Mosaïek van klassieke kookkuns en unieke smaak ervarings, dit is die welbekende Restaurant Mosaic in die Orient Hotel net buite Pretoria. Invloede vanuit die Ooste en Europa versoen in keurige geregte, voorberei deur Chef Chantel Dartnall.

Chantel se styl word beskryf as kunswerke op 'n bord en smaak en subtiliteit is vir haar alles. Elke geregt is 'n visuele en sensoriese ervaring, versier met blomme en kruie wat sy self kweek.

Mosaic het reeds sedert hul ontstaan vier jaar gelede naam gemaak as een van die mees vooraanstaande restaurante in Suid Afrika. Die toekennings wat ingeryg is die laaste paar jaar spreek vanself en hierdie jaar is hulle weer aangewys as een van die Top 20 restaurante in die land. Gaste wat een keer

daar gekuier het word gou vriende wat nie kan wegblê nie.

Elke seisoen verander Chantel se spyskaart, met die gewilde Lente-spyskaart wat vroeg in Januarie sal verander na haar nuwe Somer-uitgawe. Chantel sê "Ek het vars Italiaanse Truffles wat ek bedien met Artisjokke Risotto asook geurige Dorado, gevang in die tropiese waters van die Indiese oseaan bedien met kokosneut room." Uitsoekwyne, die meeste waarvan nie geredelik in die handel gekoop kan word nie, sal hierop beskikbaar wees.

As een van die beste chefs in Suid Afrika is dit beslis die moeite werd om by Chantel te gaan inloer - bespreek egter vroegtydig, die restaurant is besonder gewild en waglyste om 'n tafel te bekom is nie ongewoon nie.
www.the-orient.net /
www.restaurantmosaic.com /
012-371 2902



"Vir my, gaan kos oor die weelde van die aroma en teksture..." - Chantel Dartnall.



By Restaurant Mosaic is elke geregt 'n kunswerk.